

KOERSVAS

Jaargang 2 Uitgawe 49 10 Oktober 2014

In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Regstelling

Regsgeding verslag

Nuusbrokkies

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Wanneer is genoeg..... genoeg?

Terug in die tuig is dit met opregte waardering dat ons aan Ds Arno Nieuwhof dank betuig vir sy hulp met die vorige drie uitgawes.

Dit was 'n wonderlike voorreg om in Spanje te kan gaan stap. Met 'n reis wat in Frankryk begin het, was dit moontlik om in twee lande ervaring op te doen. Daar is so baie om oor te praat, soveel om te deel.

In vele gevalle sou ons gesprek kon gaan oor vergelyking van werklikhede; grade van natuurskoon, dienslewering, gasvryheid en vele meer. Elke streek en land het 'n eie natuurskoon, 'n unieke belewenis wat geskep word. Dit is oor een saak van skille kontras waarop hierdie redaksioneel gaan fokus.

Waar ons ookal gegaan het, was die vlak van veiligheid opvallend. Jy kan jou rugsak met alles daarin buite die winkel los, ingaan en besigheid doen. Met jou uitgaan sal jou sak steeds wees soos en waar jy hom gelaat het. Selfone kan in enige kragpunt ingeprop word en net so gelaat word. Op die meeste sal jy by jou

terugkoms van die besienswaardighede af vind dat jy dalk die kragpunt deel met ander mense. Daar is respek vir ander se eiendom. Dit is moontlik om voor dagbreek te begin stap. In donker woude te loop sonder vrees vir rowers. Die grootste gevaar was dat 'n mens kan struikel in die donker van die bos. Mense voel veilig en rustig. Dit het beslis 'n impak op elke persoon se ervaring van menswees. Volgens Maslow se hiërgie van behoeftes, is die behoefte na veiligheid 'n basiese behoefte. Indien die behoefte bedreig word, het dit 'n impak op jou menswees en die moontlikheid om jou volle menswees-potensiaal te realiseer.

Dit is nie dat ons kla nie. Afrikaners is avontuurlustig. Ons gaan stap in die onbekende. Die 4X4 voertuig-, karavaan-, kamptoeerusting- en ander verkope bevestig dit. Ons as nasie hou van uitdagings, ons voorvaders het die Groot Trek onderneem. Uitdagings is ons ontbyt. Die ongetemde roep ons op 'n genetiese vlak. Die onbeteuelde misdaad aan die ander kant druis in teen ons wese.

Natuurlik is dit so dat Europa, soos elke plek waar daar mense is, tog ook misdadigers het. Dit is net dat die basiese gevoel wat 'n mens daar kry, een van veiligheid en respek vir ander is.

In skrilte kontras met die nuut-ervarede gevoel van veiligheid het ons by ons tuis-koms vinnig van rat moes verander. Nie net omdat ons seun in een week twee keer slagoffer van 'n ander se vergrype was nie (nie een keer daarvan op straat nie). Nie net omdat lidmate beroof is nie. Nie net omdat lidmate geskiet en aangeval is om hulle te intimideer nie. Ons moes van geestesrat verander omdat Suid-Afrika die land is met die hoogste misdaadsyfers – in die wêreld! Indien jy nie op jou hoede is nie, word jy deel van die statistiek wat ontken en verdoesel word.

Die skok van die situasie in ons land word deur nuusberig op nuusberig in jou gemoed ingehamer. Die vlakke van misdaad is net soveel meer opvallend indien jy vir 'n ruk aan die teendeel blootgestel is. Die skokbesef dat misdaad inbreuk maak op elkeen van ons se menswees, weergalm in my gemoed. Dit moet einde kry. Genoeg is genoeg.

Hierdie redaksioneel is daarom ook 'n ope brief aan die regering van die dag, die polisie en die howe. Doen julle werk! Indien misdaad nie hokgeslaan word nie, is julle aandadig daaraan dat ons almal se menswees op die mees basiese vlak ingeperk word.

Lidmate, ampsdraers en kerkrade moet gehoor word in hulle protes teen hierdie situasie. **Misdaad kan nie maar gelate in lamgeestigheid geduld word nie!** Ons kan nie agteroor sit en in moedeloosheid slap gewrigte pleit nie. Ons moet getuig, en daar waar ons kan, binne die wet, met

verbete toewyding, misdaad hokslaan. Misdaad druis in teen ons menswees, teen ons avotuur-lustige gees in.

Regstelling

Die redaksionele beleid van Koersvas sluit onder andere in dat ander se stem so ver moontlik onveranderd gehoor moet word. Dit beteken nie noodwendig dat GHG met alles wat geplaas word, saamstem nie. In Koersvas 48 se redaksioneel is die bekendstellingsbrief van die Vryburger se kinderfonds onveranderd geplaas. Ons het 'n brief ontvang wat protes aanteken teen 'n verwysing na gebeure by Radio Pretoria. Die skrywer wys daarop dat Radio Pretoria die Bond goedgesind is, soos blyk uit godsdienstige uitsendingsgeleenthede.

Koersvas bevestig dat daar van die begin af goeie samewerking met Radio Pretoria was. Ons primêre taak is om ons volksgenote in geloof te ondersteun. Verskille oor beleid en taktiek op politieke terrein sal altyd bestaan. GHG wil al die lede van die volk in Afrikaans bystaan en ondersteun, ongeag politieke voorkeure.

Regsgeding verslag

Die belangstelling van almal betrokke bly positief, soos blyk uit die uiters goeie groei van die regs-fonds. In lyn met die onderneming wat aan almal gegee is, lewer ons nou meer volledig verslag oor die stand van sake. Die hele regsgeding, met al die hofsake betrokke, is vroeër vanjaar aan regter Dawie Fourie gegee om te bestuur. Hy het beide partye opdrag gegee om na vore te kom met 'n formulering van die kern van die dispuut. Beide partye het hulle weergawes opgestel en ingehandig. Die twee weergawes het ver van mekaar verskil en Regter Fourie het opdrag gegee dat die twee partye weer moet probeer. Hy

het geen datum aan die opdrag gekoppel nie.

Op daardie stadium was advokaat du Plessis in 'n stroomversnelling van werk. Hy het die teenparty in kennis gestel dat ander verpligtinge hom daartoe noop om eers September 2014 aandag aan die saak te gee. Dit het hy ook gedoen. Intussen het die NHKA se regsplan hulle opsomming en weergawe van die kern van die dispuut ingedien. Die regter sal waarskynlik nou almal betrokke inroep om die verdere verloop van saak te bespreek. Dit is op hierdie stadium duidelik dat die regsgeging 'n **lang tydperk** in beslag gaan neem.

Intussen het daar op informele vlak heelwat gebeur: Dr Johan Otto het in sy persoonlike hoedanigheid die KommAKV genader met die herhaalde versoek dat die saak op broederlike manier bespreek word en dalk selfs afgehandel word. Hy wou dat daar 'n vredesgesprek oor al die sake op die tafel plaasvind. Dit is duidelik dat die KommAKV steeds nie oor alles wil praat nie. In hulle reaksie op sy versoek skryf hulle onder andere: *Die belangrikste saak oor die eiendomme is die vraag of die gemeentes wat weggebreek het, die eiendomme kon vervreem soos hulle gedoen het of nie. Die probleem hier is dat julle regsadviseurs sê julle kon dit doen en ons regsadviseurs sê julle kon dit nie doen nie. Dit gaan na die Kommissie se oordeel baie moeilik wees om hierdie verskillende interpretasies te medieer. Die Kommissie is van oordeel dat dit miskien beter sou wees om die vraag voor 'n onafhanklike derde party te plaas vir 'n interpretasie. Die Kommissie word geadviseer dat indien die partye hieroor saamwerk die saak redelik spoedig afgehandel kan word, wat die regskoste aansienlik vir beide partye kan beperk. Aangehaal uit skrywe aan dr Otto gedateer 25 Junie 2014. Na die skrywe van die KommAKV was dit nie duidelik presies waar die NHKA staan nie, of hoe die Bond moet voortgaan nie.*

Intussen het die twee partye se regsplanne met mekaar gepraat en is die gedagte genoem dat 'n gesprek tussen die Bond en die NHKA vrugte kan afwerp. Hulle regsvertegenwoordiger het geen teenkanting teen so 'n gesprek uitgespreek nie. Die regsplanne het 23 September 2014 belê as datum vir die gesprek. Die Bond se dagbestuur het 5 persone aangewys om by die gesprek betrokke te wees en almal het uitgesien na die moontlike gesprek en dalk selfs vrede. Kort voor die vasgestelde byeenkoms het die KommAKV besluit om te onttrek van die gesprek. Die redes soos aangedui in die brief aan dr Otto is aangehaal as motivering vir die ommekeer. Dit het daarom nie sin gemaak dat die twee regsplanne alleen met mekaar praat nie; aangesien die NHKA se regsplan gevoglik beperkte tot geen mandaat gehad het nie. Dit moet duidelik gestel word: Die Bond was weer eens bereid tot gesprek in 'n poging om die regsgeging te stuit. Die NHKA se regsplan was te vinde vir die gesprek. Ons kan net vermoed dat die KommAKV, ten spyte van regsadvies, ten alle koste met die hofsak wil voortgaan. Dit is jammer dat die KommAKV poging op poging tot vrede verwerp.

Nuusbrokkies

- Ds LJ (Lewis) Strauss van die Onafhanklike Hervormde Gemeente Bloemfontein versoek asseblief enige predikant of gemeente wat van belangstellendes in die Mosselbaai-omgewing weet wat 'n erediens sal wil bywoon om die aangehegde inligting aan die belangstellendes deur te gee sodat hulle hom betyds kan kontak met die oog op die moontlike hou van 'n erediens op Sondag 12 Oktober 2014. Kontakbesonderhede: Sel 076 061 0129

/ Tel 051 522 4956. Dit is dalk veiliger as die mense bel aangesien hy net sporadies toegang tot e-pos sal hê.

- Die Bondsgemeente in Bloemfontein is baie trots op hulle banier wat Saterdag die 27ste September vir die eerste keer gebruik is by 'n kosstalletjie wat die gemeente by die Trekkerfees bedryf het. Die gemeentede bring hulle kant met entoesiasme.



- LEWENSBROOD 2015/6. Plaas betyds u bestellings by u gemeente se saakgelastigde. Hierdie ideale Kersgeskenk gaan vining opgeraap word.
- Skakel Premiermyn by 0127340130 om 'n stalletjie te bespreek by die Kuns en Kersmark wat die laaste week in November aangebied word.

Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

ella@teamworkprinters.com

.Belangrike skakels om te gebruik:

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Webblad (Audio-preke van Bondspredikante weekliks hier beskikbaar.)

<http://www.geloofsbond.co.za/>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/geloofsbond>

StedsHervormers

Webblad

<http://www.steedshervormers.co.za>

Facebookblad

<https://www.facebook.com/pages/Steedshervormers/118368828245168>

Stuur u gemeente se **kennisgewings en nuusbrokkies** na j.otto@telkomsa.net vir opname in die volgende Koersvas.

Vir verpakkingsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel

MW PACKAGING by 018 381 1494.



“Met Bal en Al” **Rugby ontbyt**

18 Okt. 2014



Ontbyt saam met bekendes en legendes uit rugby kringe

Plek: Pro Practicum Lapa, 273 Luipaard str Krugersdorp

Tyd: 9:00 vm tot laat

Kostes: R 150 per persoon (R 1500 per tafel van 10 mense)

Wat gebeur daardie dag?

- **Ontbyt**
- **Gesprekke met en verhale van legendes en bekendes**
 - **Musiek**
- **Veiling van rugby aandenkings**
 - **Prystrekking van vakansie**
- **Rugbyballe te koop en te wen (Geteken)**
- **Rugby Curriebeker halfeindstryde op groot skerm**
 - **Braai geleentheid later die middag/ aand**

Geen kaartjies op die dag beskikbaar so koop vooraf om teleurstelling te voorkom. Kaartjies beskikbaar by:

Dirk of Jurie 082 495 3121 / 073 194 5556

FONDSINSAMELINGSPROJEK

Soos by die laaste Geloofsbondvergadering bespreek, word bestellings nou ingewag vir die verspreiding van die Kersfees/gewyde CD's, **GENADE ALLEEN** (Afrikaans) en **SOLA GRATIA** (Engels) deur **ERNIE VAN DER WESTHUIZEN**, wat gemeentes gratis tydens die vergadering ontvang het. Die bedoeling is dat gemeentes (en individue) die CD's teen minder as kosprys aanskaf en teen 'n wins, wat hulle as billik beskou, tydens die Kersgety, in die gemeentes versprei. Die lidmate kan dit byvoorbeeld as geskenke uitdeel aan familie, vriende, kennisse ensomeer. Aangesien versending deur die poskantoor onbetroubaar is, moet **vooruitbetaalde** bestellings **so spoedig moontlik**, maar nie later as **30 November 2014** gemaak word en wanneer gereed, te Pretoria afgehaal word. **KOSTE: R30** per CD. **R50** indien beide **GENADE ALLEEN** en **SOLA GRATIA** (in een kassie) bestel word. Indien versending per koerier verlang word, sal die besteller verantwoordelik wees vir pos en verpakking. **BESTEL BY:** Ernie van der Westhuizen. **TEL:** (012) 335 6849. **SEL:** 082 853 2249. **E-POS:** ernievdw@gmail.com

GESEËNDE KERSGETY WORD U, BY VOORBAAT, TOEGEWENS.



CD1: SOLA GRATIA

1. O come all ye faithful
2. Joy to the world
3. The first noël
4. Mary's boy child
5. The little drummer boy
6. O holy night
7. Silent night
8. H oly, holy, holy (with Annelize Viljoen)
9. I believe
10. The Lord's prayer
11. How great Thou art
12. Nearer my God to Thee
13. You'll never walk alone
14. Holy city
15. Amazing grace
16. Gloryland
17. I'll walk with God
18. God be with you 'till we meet again

Back trax: Bram Potgieter (021) 872-9183
Opname: César de Almeida (012) 804-4447
Art work: Suzette van der Westhuizen
Beskikbaar van: (012) 335-6849 / 082-853-2249
ernievdw@gmail.com
Copyright reserved

CD2: GENADE ALLEEN

1. Kom alle getroues
2. Lofsing die Heer, buig voor Hom neer
3. Die vreugdelied wat engele sing
4. Stille nag
5. Die Heiland is gebore
6. O Heer my God
7. Onse Vader
8. Heilig, heilig, heilig (met Annelize Viljoen ter nagedagtenis aan Johan Viljoen)
9. Jerusalem
10. Nader my God by U
11. Genade onbeskryflik groot
12. God bly met jou tot ons weer ontmoet

